ONS GLO
LAERSKOOL RANDHART
Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

26 Junie 2026

Geagte Ouers / Voogde

**TOETSROOSTER: DERDE KWARTAAL 2026**

**Toetsrooster vir graad 4 – 6**

| Vak | Datum |
|---|---|
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | Vrydag 14 Augustus |
| **(Slegs graad 4 en 5)** Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis | Maandag 17 Augustus |
| **(Slegs graad 4 en 6)** Sosiale Wetenskappe: Geografie | Vrydag 21 Augustus |
| Wiskunde | Maandag 24 Augustus |

**Toetsrooster vir graad 7**

| Vak | Datum |
|---|---|
| Afrikaans (Letterkunde) | Vrydag 7 Augustus |
| Engels (Literature) | Vrydag 14 Augustus |
| Sosiale Wetenskappe: Geografie | Maandag 17 Augustus |
| Natuurwetenskappe | Vrydag 21 Augustus |
| Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis | Maandag 24 Augustus |
| Wiskunde | Vrydag 28 Augustus |

**Let asseblief op die volgende sake:**

- Leerders ontvang die afbakening en skrifte/leerwerk een week voor hulle 'n vak se toets moet skryf. Gaan asseblief deur hul skrifte en besorg dit weer geteken terug aan die skool.

- Indien 'n leerder afwesig is op die dag waarop afbakenings en skrifte/leerwerk uitgedeel word, is dit die leerder se plig en verantwoordelikheid om dit self te bekom en daarvoor te gaan vra.

- Slegs leerders wat 'n **mediese sertifikaat** inhandig of op grond van 'n **amptelike skrywe** vanaf 'n ouer/voog, sal goedkeuring van die adjunkhoof verkry en toegelaat word om toetse soos volg te skryf:
  - **Vrydagtoetse** word die daaropvolgende **Maandag na skool** geskryf.
  - **Maandagtoetse** word die daaropvolgende **Donderdag na skool** geskryf.
  - 'n Leerder wat nie opdaag vir bogenoemde dae nie, sal die toets skryf **op die dag wat hy/sy terugkeer skool toe.**

- Toetse wat na die amptelike toetsdatum afgelê word, sal meer tel as die amptelike toets, aangesien 'n addisionele vraag verpligtend sal wees. Dit is dus belangrik dat leerders wel toetse op die vasgestelde datum aflê.

Baie dankie vir u samewerking met betrekking tot die toetsrooster en die sake wat daarmee verband hou. Mag u en u kinders die akademiese kwartaal positiewe beleef.

Kurrikulumgroete.

I K Kichenbrand
Adjunkhoof

D F Venter
Skoolhoof